## DIE LEER VAN DIE KERK

### A. Inleiding.

Die opdrag om te praat oor die leer van die Kerk, vorm deel van die siklus van lesings oor die ekumene, waarmee u vanjaar besig is. Daarom het ek my opdrag só verstaan, dat ek nie oor die leer van die kerk in die algemeen moet praat nie, maar eintlik moet probeer uitmaak, of die besinning oor die wese en taak van die leer van die kerk enige bydrae kan lewer tot die gesprek oor die ekumene as sodanig en die moderne ekumeniese strewe soos dit op verskillende maniere gemanifesteer word.

### B. Nieutestamentiese riglyn vir die besinning oor die Leer van die kerk :

By 'n ondersoek van die begrippe didaskalon, didaskalia, didaché en didaskein in die N.T. blyk die volgende :

(1) Didaskalos (leraar) word soms gebruik as aanduiding van 'n ampsdraer [1]. Dit is 'n blangrike aanduiding van die feit dat die leer 'n aangeleentheid is waarmee die kerk amptelik gemoeid is. Dit is nie die spel van enkelinge of die liefhebbery van sommiges nie.

(2) Didaché en didaskalia. Leer in die N.T. is leer van daardie dinge wat op Jesus Christus [2] en op Gods Woord [3] betrekking het. Hierdie betrekking is vir die leer van so 'n deurslaggewende betekenis, dat iemand wat iets anders leer en nie instem met die „gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie . . . ." as verwaand en niksverstaande bestempel word [4].

(3) Op grond van die nou verband tussen die woorde didaché en kérugma in die N.T., kan ons sê dat die leer van die begin af nodig was as die ontvouing van die sin en konsekwensies van die Openbaring [5]. Die leer verkondig nie slegs dat Jesus Christus in sy Persoon die Waarheid is nie, maar toon ook aan waarin die Waarheid bestaan. Daarom is dit ordelik verstaanbare spreke aangaande God. [6].

(4) Tog is die leer nie die resultaat van menslike skerpsinnigheid nie. Die leer het sy oorsprong bo en buite die didaskalos. Jesus,

---

1) Hand. 13:1; I Kor. 12:28; Ef. 4:11; 2 Tim. 1:11; Jak. 3:11.
2) Hand. 18:25; 28:31.
3) Hand. 8:11.
4) 1 Tim. 6:3 en 4(a).
5) V.g.l. Mat. 5:2; Mk. 1:27; 4:2 v.d.; Hand. 28:31.
6) 1 Kor. 14:6.

self gee hierdie belangrike uitspraak : „My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het". [7]).

(5) Juis daarom word die leer genoem gesonde leer [8]) as afwysing van die „allerhande en vreemde leer" [9]). Die aard en inhoud van die „leer van God ons Verlosser" maak die afwysing van die dwaalleer nodig. God se eer word nie gedien en die kennis van Hom vanselfsprekend nie vermeerder as daar verkeerd geleer word nie.

Die feit dat die leer gesond genoem word, is dus beklemtoning van die feit dat daar reg geleer moet word.

(6) Die leer is slegs dan egte leer wanneer daar aktueel geleer word op twee voorwaardes n.l.:

(a) Die heilsfeite moet die grond van die leeraktiwiteit wees [10]) en

(b) die dinge aangaande die Here moet „noukeurig geleer" word [11]).

Opsommend kan ons sê dat ons volgens die N.T. in die leer te doen het met die sistematiserende verduideliking van die aangekondigde heil binne die gemeenskap van hulle wat reeds die evangelie gehoor en geglo het.

### C. Die Wese van die Leer van die Kerk.

Vir die besinning oor die leer van die kerk beteken die N.T. riglyne in hoofsaak die volgende :

(1) Die leer van die Kerk betuig Jesus Christus d.i. die Openbaring van God. Dit betuig daardie gebeurtenis wat plaasgevind het in Palestina gedurende die jare 1 - 30 n.C. In hierdie verband is 'n opmerking van Otto Weber waar en belangrik : „Christliche Lehre jedoch ist wesenhaft immer Geschichtsbericht. Sie ist nicht einmal „Deutung" von Geschichte sofern unter „Deutung" ein Verstehen konkreten Geschichte von einem Orte auszerhalb ihren selbst begiffen sein soll. Sie ist Bezeugung dieser Geschichte — als einer Geschehenen aber als einer für uns Geschehenen und in sofern sich je und je an uns sich bekundenden. Sie ist in sofern Interpretation, aber eben Interpretation aus den Begegnung heraus, aus einer Begegnung zu der wir keine Deutungs kategorien mit bringen und in der wir nicht Deutungskategorien, sondern Offenbarung, Selbstmitteilung Gottes, empfangen. Indem christliche Lehre van Gott da herkommt

7) Joh. 7:16 (v.g.l. Hand. 15:28).
8) Tit. 1:9; 1 Tim. 1:10; 2 Tim. 4:3.
9) Heb. 13:9; Op. 2:14.
10) Mk. 9:2.
11) Hand. 18:25.

fällt sie aus dem Rahmen möglicher Lehre heraus. So kann sie es unmöglich nicht mit dem Algemeinen Zeitlosen, Nicht-personalen zu tun haben sondern so ist es unausweichlich in das Besondere, in die Zeit, in das Personale verwiesen".

Die Leer van die kerk is daarom nooit ident met die spekulatiewe, vooringenome skoolmening van 'n filosofiese skool nie. Dit is direk betrokke op die Persoon, Jesus Christus sodat ons die mens Jesus Christus, werklik ontmoet in hierdie leer aangaande Hom. Die leer kan egter nie sondermeer met Hom gelykstel word nie. Bo alle twyfel moet dit vas bly staan, dat Jesus Christus die openbaring van God is en die leer 'n getuienis aangaande Hom [13]). Jesus Christus en die leer aangaande Hom is egter onlosmaaklik verbonde. Hy is dermate sin en inhoud van die leer aangaande Hom,[14]) dat sy Persoon nooit uit die leer weggeneem kan word nie. Sonder Hom, is die kerklike leer geen christelike leer meer nie. Sonder Hom is die kerklike leer leë spekulasie en ydele spel met woorde. So besonders is die verbondenheid tussen Jesus Christus en die leer aangaande Hom dat die getuienis van die Heilige Gees die snypunt vorm waar „leer" openbaring word [15]) en „suiwer leer" [16]) geskied.

(2) Hier staan die kerk met die leer in 'n bepaalde spanning. Die kerk beskik nooit oor die moontlikheid om die leer openbaring te laat word nie. Openbaring is altyd goddelike privelegie, vrymagtige genadedaad. Die leer van die kerk kan egter nie anders nie, dit moet noodwendigerwyse afgestem wees op die gebeurtenis van die openbaring anders is dit nie legitieme spreke van God en getuienis van Jesus Christus nie. Uit hierdit dilemma is daar vir die Kerk net een oop deur : „Die Kirche kann nur auslegen, und auch wir können nur auslegen daraufhin, und es gibt auch eine Freiheit und eine Autorität in der Kirche nur darafhin dasz uns in der Schrift zuvor gesagt it, wonach wir fragen wenn wir nach Gottes Offenbarung fragen". [17]) Daar is vir die leer van die Kerk geen kortpad na die openbaring toe nie. Dit **moet** die Skrifte deurblaai om die Woord te kan hoor. Hierdie uitleg van die Skrif wil daarom niks anders wees as daardie interpretasie van die heilsgeskiedenis nie.

(3) Aan die kerklike leeraktiwiteit op sy weg uit die openbaring na die openbaring is daar een onvermydelike beperking verbonde : Die Kerk is nog altyd in die wêreld met lidmate wat in die wêreld is. In dié sin is die kerk onderworpe aan al die feilbaarheid en beperkinge van die gebroke sondige, aardse bestaan.

---

12) O. Weber, Grundlagen der Dogmatik, S.19.
13) E. Brunner, Dogmatik Vol. I, S.28.
14) 1 Tim. 6:3 en 4(a).
15) Joh. 16:14 en 15, v.g.l. E. Brunner, Dogmatik S.1/S.29.
16) K. Barth, Kirchliche Dogmatik I, 2 S.848.
17) K. Barth, KD. I, 2 S.511.

Daarom is die kerk nooit onttrokke aan die wesenlike gevaar van dwaalleer en kettery nie. Daarom dra die uitleg van die Skrif en die interpretasie van die heilsgeskiedenis ook 'n negatiewe karakter n.l. dié van afwysing van die dwaling. [18]). En juis om hierdie rede dra die leer van die kerk die karakter van konfessie, van die geloofsbelydenis, van „expression of Faith". „Das Bekenntnis ist auch in der ursprünglichsten, uns bekannten Form (Phil. 1 - 11) bereits zugleich Dogma, Formung kirchlicher Lehre in Bejahung und Verneinung". [19]). Die Dogma in sy dubbele gestalte van „Ja" teenoor die Waarheid en „nee" teenoor die onwaarheid, dwaling en kettery is eintlik die vorm waarin die leer van die kerk optree.

D. **Die Funksie van die leer van die Kerk.**

Uit bogaande uiteensetting is dit duidelik dat die leer van die kerk niks anders is as geformuleerde geloofsuitsprake van die kerk nie. Die leer wil dus sê hoe en wat die kerk glo in en van Jesus Christus die Heer van die Kerk en die Verlosser van die wêreld. Die „hoe" en „wat" is belangrik want daarin gaan dit om die regte geloof in die één ondeelbare Here Jesus Christus. Daarom kan ons sê dat die leer daarvoor moet sorg dat daar reg geglo word. Daarom moet die kerk uit noodwendigheid die leeraktiwiteit beoefen. Vir die kerk is dit lewensfunksie, omdat die Kerk slegs daar lewe waar daar reg geglo word.

Van hieruit kan hierdie funksie van die leer van die kerk op drie vlakke nader geïllustreer word. nl. t.o.v. die verkondiging, die liturgie en die kerkordening :

I. **Die Verkondiging van die Kerk.**

Wanneer hier gepraat word oor die verkondiging van die kerk dan word daarmee elke gestalte waarin die Woord aan die wêreld bedien word, bedoel dus verkondiging in sy omvattende sin. Dat die verkondiging indien dit werklik verkondiging wil wees, niks en niemand anders as Jesus Christus kan boodskap nie, behoef geen betoog nie, want die verkondiging kan geen ander evangelie uitroep as dié waarvan die kerk lewe nie. [20]). Daarom fungeer die leer as gids en grens vir die verkondiging, omdat dit vanuit die vele skrifwoorde die één Godswoord wil laat opklink. Die onmiskenbare betekenis hiervan is dié van die waarskuwing. Omdat die Kerk as kerk in die wêreld nooit onttrokke is aan die wesenlike gevaar van verminking en vervalsing van die bybelse boodskap nie, daarom is die dogma as grensaanduiding vir die verkondiging noodsaaklik. En omdat Godswoord só in die skrif gegee is dat daarna altyd weer opnuut gesoek en gevra moet word,

---

18) A. v. Selms, Lig uit Lig, bls. 13 en 14.
19) O. Weber, Grundlagen, S.43.

daarom is die dogma as gids in die soek na die Een in die veelheid onmisbaar.

Dit is die funksie van die leer van die kerk om teties en antiteties te stel dat Gods Woord gehoor is en wel as Gods Woord verneem is, terwyl die verkondiging moet proklameer dat Gods Woord geen sinnelose geluid is. Die leer wil dus onderneem word terwille van die regte verkondiging van die veelvuldige genade van God.

II. **Die Liturgie van die Kerk.**

In die liturgie van die kerk gaan dit daarom dat die kerk lewe en op 'n bepaalde wyse antwoord op die Woord wat gehoor is. Die konstituerende element in die Liturgie is n.l. altyd die verkondigde Woord. Omdat die leer wil sorg vir die regte verkondiging, daarom vervul die leer ook 'n regulatiewe funksie t.o.v. die liturgie. Die leer bevorder die ortodoksie as regte verkondiging en regte lofprysing omdat die lofprysing korrespondeer met die verkondiging. Van hieruit val te verstaan, dat die verskille in liturgie wat voorkom, uiteindelik niks anders is as leerstellige verskille nie.

III. **Die Orde van die Kerk.**

By kerkordening gaan dit om die inrigting van die lewe en werk van die kerk o.g.v. die Skrif. Daarom spreek dit vanself dat die leer van die kerk een van die fondamentstene van die kerkordening sal wees. Die leer moet noodwendig as die ontvouing van die saaklike sin en betekenis van die bybelboodskap, konsekwensies hê vir die inrigting van die lewe en werk van die kerk. Daarom verbaas dit dan ook geensins dat die verskil in kerkregeringstelsel b.v. hoofsaaklik teruggevoer kan word na verskillende lere oor die ampte nie.

Tenslotte moet daarop gelet word, dat, juis omdat die leer regulatief fungeer t.o.v. verkondiging, liturgie en kerkordening, die verkondiging, liturgie en kerkordening altyd onvermydelik tersprake kom waar en wanneer die leer en sprake gebring word. Wanneer daar dus van die leer van die kerk gepraat word, dan moet dit altyd onhou word, dat die leer nooit geïsoleer, maar altyd in hierdie regulatiewe relasie tot verkondiging, liturgie en kerkordening fungeer. Die leer is dus 'n komplekse aangeleentheid.

E. **Die vraag na die Suiwere leer.**

O.i. is dit 'n fundamentalistiese afswenking wanneer daar gepraat word oor die „suiwerheid in die leer" as aanduiding van 'n toestand waarin die gelowiges hulle sou bevind. Dit sou dan aanduiding wees

---

20) V.g.l. I Tim. 4:6-16; 2 Tim. 2:1-2 en 3:14 en 15.

van 'n houding t.o.v. die geformuleerde geloofsuitsprake van die kerk. Dit is hierdie fundamentalistiese afswenking wat uiteindelik uitloop op leerdwang.

O.i. is dit meer korrek om te praat van die suiwere leer. Dit is iets anders en wil ons nou kortliks nader belig.

In die leer van die kerk gaan dit om wat waar en reg is vir die kerk volgens die Skrif. Daarom is die leer 'n belangrike aangeleentheid vir die kerk. [21]). Die kerk moet trouens altyd sy woord en daad as getuienis aangaande Jesus Christus aan die Skrif gaan toets as bron en norm van wat waar en reg is. Juis hierdie feit is verantwoordelik daarvoor dat daar 'n kerkhervorming tot stand gekom het. Hierdie toetsing is geen luukse op spel nie, maar lewensnoodsaaklikheid, want dit word onderneem met die oog op die openbaring van God in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Waar en wanneer dit gebeur dat Jesus Christus uit die leer van die Kerk deur die getuienis van die Heilige Gees oorgetree het in die geloof van die geleerde mens, daar het „suiwere leer" geskied. Daar vind ons dan nie 'n bepaalde verhouding tot bepaalde formulerings nie, maar in bepaalde verhouding tot Jesus Christus n.l. die persoonlike geloof in die Persoon Jesus Christus.

Ons kan egter nie die leer tersydestel nie. Dit word duidelik as ons daarop let dat die Heilige Gees die geloof deur die verkondiging werk. Ons as mense het nie beskikkingsreg oor die werk van die Heilige Gees nie en ons beskik ook nie oor die vermoë om dit te neutraliseer nie. Met ander woorde as ons, ons geloof werklik toegedaan is, dit wil sê as ons deur die Heilige Gees daar gebring is waar alle teenspraak eindig en ons, ons neergelê het by die objektiewe Waarheid van Gods Woord dan het ons by die punt aangekom waar suiwere leer geskied het. Daartoe en daarna vervul die leerstellige formulerings wel 'n funksie, maar alleen só dat dit vooraf middel is tot die gebeure en daarna poging is om die wonder van die ontmoeting met Jesus Christus mee te deel. Terselfdertyd is dit ook 'n poging om uit te spreek dat ons net só en nie anders in Jesus Christus kan glo nie. D.w.s. die leerstellige formulerings van die geloof wat ontvang is in die werklike ontmoeting met Jesus Christus wil eintlik sê : Net só het ons die geloof in die een, enigste Here Jesus Christus deur die Gees ontvang. Alle ander wat pretendeer om ook geloof te wees in Hom is hoogstens dwaling en kettery.

Daarom is die suiwere leer 'n skeidingmaker — nie omdat hy mense bind aan formulerings nie, maar omdat hy die kerk alleen wil hou aan die getuienis van die Skrif as die skriftelike neerslag van die ge-

---

[21]) Vgl. 1 Tim. 6:3-4(a).

tuienis van apostels en profete aangaande die Woord van God. So trek die suiwere leer 'n grens. So verklaar dit wat waar en reg is. En aldus verklaar dit wat by die Heer van die Kerk behoort (Vgl. kerk is afgelei van Kuriake = dit wat aan die Here behoort).

F. **Die Moderne Ekumeniese strewe :-**

Die moderne ekumeniese strewe soos beliggaam in 'n groot deel van die Wêreldraad van Kerke en die Christelike Instituut hier te lande, word gekenmerk deur 'n poging tot konstruksie van 'n sigbare eenheid met verbygaan van die leerverskille en alles wat dit impliseer. Hierdie strewe vind sy hoogste uitdrukking in die s.g. ekumeniese nagmaalsvierings.

Aangesien die leer egter altyd hierin belemmerend gewerk het, gaan hierdie s.g. eukumenisee avondmaalvierings gewoonlik gepaard met 'n beroep op die kommunikante dat hulle nie die konfessies moet toelaat om in die weg te staan [22]) van die ervaring van hulle eenheid by so'n interkonfessionale of on-konfessionele avondmaalsviering nie.
In die lig van wat hierbo gesê is i.v.m. die suiwere leer, is dit seker oorduidelik dat die Heilige Gees nie teen Homself verdeeld is en by so 'n nagmaalsviering die een in sy roomse en die ander in sy protestantse geloof sal versterk nie. Daarom sal die besinning oor die wese en funksie van die leer van die kerk moet sê : Nee ! hier is sprake van dwaling en die moontlikheid van kettery, want daar kan net nie so-iets wees as 'n neutrale verkondiging of 'n neutrale liturgie of 'n neutrale kerkordening nie. Daar kan nie so-iets wees soos 'n verkondiging of liturgie of kerkordening waaruit Jesus Christus, soos Hy betuig word in die Skrifte as Heer en Verlosser, weggeneem is, sodat elkeen daarin kan hoor wat hom belief of 'n lofprysing na sy eie wense kan bring of op sy eie wyse die lewe en werk van die kerk kan orden nie. Dit sou letterlik 'n herhaling van die babelse spraakverwarring beteken.

Daar kan nie sprake wees van geloofsgemeenskap as daar nie ook sprake is van 'n onvoorwaardelike neerlê by die objektiewe waarheid van Gods Woord nie. So'n interkonfessionele avondmaalsviering kan alleen 'n herlewing wees van die ou piëtisme waar die subjektiewe ervaring hoër aangeslaan word as die objektiewe waarheid van Gods Woord en die geloof gereduseer word tot die allerprivaatste emosie van elke afsonderlike „deelnemer". So'n ekumeniese avondsmaalviering bereik dan presies die teenoorgesteld van wat daarmee beoog is. Daarom is Karl Barth reg as hy beweer dat geen Una Sancta beweging

---

22) b.v. J. H. van Bensekom; Enkele Opmerkingen over oecumenische viering, Jaarboek voor de Eredienst 1961-1962, bls. 114 punt(e).

van hierdie kwaliteit ooit die leerverskil kan oorbrug nie. [23]). Want deur 'n woordlose interkommunie en verindividualiseerde deelname aan demonstrasies het niemand nog ooit gekom tot die „ . . . . eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God . . . . " nie. (Ef. 4 : 13).

G. **Egte Ekumenisiteit.**

Daar is maar net een Here en een geloof [24]). En nou stel Paulus i.v.m. die één Heer en die één geloof : „En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot in volwasse man en die volle mate van die grootte van Christus; sodat ons nie kinders mag wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word **deur elke wind van lering,** deur die bedriëery van die mense, deur **sluheid om listiglik tot dwaling te bring;** maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles mag opgroei in Hom wat die Hoof is n.l. Christus . . . . ".

Dit is presies waarom die leeraktiwiteit in die kerk behartig word en regulatief t.o.v. die verkondiging, liturgie en kerkordening fungeer. Daarom sal die nadenke oor die wese en funksie van die leer van die Kerk altyd moet sê dat dit noodsaaklik is dat die bybelse leerstellige gesprek gevoer moet word „totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof van die kennis van die Seun van God".

Hierteenoor sal hierdie besinning egter ook moet sê dat dit 'n sublime misverstand is wanneer met verbygaan van die leerstellige verskille gepoog word om 'n eenheid te ervaar wat nie bestaan. Die enigste werklike eenheid is n.l. die eenheid van geloof in die een Heer en dié kan alleen verkry word deur steeds opnuut die leeraktiwiteit te onderneem en deurtastend te vra na die sin en konsekwensie van die openbaring Gods in Jesus Christus.

Hierby sal hierdie besinning ook daarop moet wys, dat daar nog altyd die adiafora, die middelmatige sake, daardie dinge watt nie wesenlik saamhang met die saligmakende geloof nie, is. Daarom sal daar ook nog altyd 'n sekere diversiteit t.o.v. liturgie as lofprysing en kerkordening kan bestaan sonder om die een geloof in die een Heer te beletsel. Gevolglik ook sonder om sondige verskeurdheid te wees.

---

[23]) Die Christliche Lehre v.d. Heid. Katechismus, S.105.
[24]) Vgl. Ef. 4 : 5 en 11 - 15.
V.g.l. Ef. 4:5 en 11-15.

Egte ekumenisitiet sou dus daarin bestaan dat die gelowiges deur hierdie soeke na wat waar en reg is volgens die Skrif, op pad sal bly na die ekumene wat eenmaal aan die einde van hierdie aion tenvolle geopenbaar sal word wanneer geopenbaar sal word wie die kinders van God is. [25]).

— J. I. de Wet.

25) Rom. 8 : 19 - 23.